

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2013

Preek 5

Lees: Fil. 1:12-26

Teks: Fil. 1:12-14

Psalms: 147:1; 138:4; 119:7;147:4; 33:5, 6

1. Inleiding

Die bloed van die martelare is die saad van die kerk.

Dit is 'n bekende uitspraak uit die kerkgeskiedenis.

Daarmee word *dit* bedoel: juis in tye van geloofsvervolging het die kerk besonder sterk gegroei. Hoe harder die duiwel probeer het om die kerk in sy eie bloed te versmoor, des te meer het die kerk floreer. Vervolging van watter aard ook al - liggaamlike of geestelike vervolging - het dus eerder gedien tot bevordering van God se ryk hier op aarde as wat dit die groei daarvan teëgewerk het.

Vanselfsprekend is dit nie die bloed van die kerk wat die kerk laat groei het nie, maar die bloed van die Seun – sy oorwinning aan die kruis en sy heilswerk daarna. In die woorde van Filippense 4: Die groot geheim agter die blywende voortgang van die Woord en groei van die kerk is die woorde van Filippense 4:6: **Die Here is naby**. Dit wil sê: **Hý** regeer en **Hý** bewaar sy kerk - **Hý**, die almagtige Seun van God En **Hý** laat sy werk deur niks keer nie.

Daarom kan ons altyd bly wees.

Ons sê so maklik: die kerklike weg is geblokkeer en dit maak ons so oneindig moedeloos. En dit maak ons so swartgallig as dit lyk asof die duiwel dit regkry om die Woord te vervals. As ons egter met die oog van die geloof **raaksien dat die Here naby is**, dat Hy naby sy kerk, en dat Hy sal sorg vir die voortgang van sy Woord – **sal ons voortdurend bly wees**.

Ons moet daarby ook onthou: sy Woord is almagtig. Sy Woord kan nie deur mense blokkeer word nie. Hy handel vanuit die hemel met sy Almagswoord en dwars teen alle menslike handeling en menslike woorde en planne in. En sy Woord gaan voort ondanks nietige menslike teenstand.

Daarom kan ons altyd bly wees.

In ons teksverse sien ons ook hoe vervolging en teestand van die duiwel juis die voortgang van die evangelie bevorder het. Daarom plaas kruisdra nooit ‘n domper op ons vreugde nie.

Maar kom ons beskou ons teksgedeelte van naderby:

2. Inhoud

Terwyl Paulus hierdie brief skryf, sit hy in die tronk. Waarskynlik het die **gevangeneming** van die apostel ‘n **negatiewe uitwerking op die gemeentelede** van Filippi gehad:

1. In hulle harte was daar sekerlik kommer: **wat sal van hulle geliefde Paulus word, van hulle dominee-apostel?** Sal hy vrygespreek of veroordeel word? En u weet hoe neerdrukkend bekommernis kan werk: onder die druk van al ons sorges verdwyn ons lewensvreugde en ons geloofsblydschap soos mis voor die son.
2. Maar nie alleen die persoonlike welsyn van die apostel, wat vir hulle so dierbaar was, het hulle gekwel nie. Hulle was **ook besorgd oor die voortgang van die evangelie**. Want kyk nou net : daar sit die kragtige prediker, Paulus, in die gevangenis. En beteken dit dan nie dat die blye boodskap die swye opgelê is nie? Want hoe kan die verlossingsboodskap nou voortgaan as die apostel agter slot en grendel sit? Beteken dit dan nie dat die evangelie self nou agter tralies is en dat die blye boodskap in boeie geslaan is nie? Hoe kan die vreugdetyding nou die wêreld ingaan?

Dit was al sulke vrae wat sekerlik deur die Filippense se koppe gemaak het. En juis daarop wil Paulus hulle antwoord.

En hy begin deur aan hulle te verklaar: *...ek wil hê dat julle moet weet...* Ons kan dit ook so vertaal: **daar is iets wat julle beslis moet weet**, iets wat julle nooit, nooit mag vergeet nie, iets van die allergrootste belang, iets wat julle ‘n totale ander siening op my gevangenskap sal gee, iets wat ‘n volkome ander lig sal laat val op enige beproewings wat julle mag wedervaar.

En dan gaan die apostel voort om te sê wat die gemeente van Filippi beslis moet weet: *...ek wil hê dat julle moet weet...dat wat ek wedervaar het, eerder op die bevordering van die evangelie uitgeloop het.*

Wat was dit presies wat die apostel wedervaar het? In kort gesê: Paulus is gevange geneem en in die tronk gegooi.

As **agtergrond** van hierdie woorde moet ons die **boek Handeling** lees.

Deur die diens van sy apostels wou Koning Jesus sy evangelie laat uitdra **van Jerusalem tot in Rome** – die groot lyn, gedate van Handeling. Dit wou die Satan natuurlik ten alle koste keer. Op vele en baie verskillende maniere het hy padblokkades opgerig om die evangelie in sy opmars te stuit. Daarvan lees ons in die boek Handeling. Ons het dit in Handeling 16 gehoor toe Paulus-hulle in die tronk gegooi is. Maar in plaas dat dit die evangelie gestuit het, kon die apostel en Silas al singende die evangelie aan medegevangenis verkondig en uiteindelik het ook die tronkbewaarder tot bekering gekom.

En later in Handeling - met die inhegtenisname van Paulus in Jerusalem – dan lyk dit asof die duiwel tog in sy doel slaag: Paulus kan nie meer verder die evangelie uitdra nie.

Maar dit is nou juis so wonderlik: juis deur sy gevangenskap het Paulus wel in Rome gekom. Want toe hy voor goewerneur Festus verskyn het, het hy hom op die keiser beroep en so het dit gebeur dat hy tog uiteindelik in Rome gekom het. **Ja, ...:**

Die HEER is goed en wondersterk:

Hy sal sy werk / deur niks laat keer nie. (Psalm 138:4)

Ja, dit is die Here wat handel in Handeling. Hy sorg dat die evangelie voortstorm vanaf die wettisistiese Jerusalem en dwarsdeur die sektariese Samaria en tot in die heidense Rome. Hy is naby met sy verlossing en kerkvergaderingswerk en bewaring en onderhouding. En ons sien hoe sy handeling aangaan.

In Filippense het ons met **nog 'n ander gevangenskap** van Paulus te make na die gevangenskap in Rome.

En dan noem Paulus in ons teks nog **twee voorbeelde** om die Filippense te laat sien hoe sy **gevangenskap eerder die voortgang van die evangelie bevorder het**.

1. VOORBEELD NOMMER EEN,

sê die apostel: *my boeie het openbaar geword in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander*.

Hier is dit baie belangrik dat u presies sal weet onder watter omstandighede hy daar in die gevangenskap verkeer het. Want hy was nie net in die tronk nie, maar volgens die gewoonte van daardie tyd was hy vasgeketting aan soldate, waarskynlik een aan elke kant. Met ander woorde: hy was nie alleen ingeperk tot een sel of een kamer nie, maar sy bewegingsvryheid is ook beperk deur die soldate waaraan hy vasgeboei was. Van tyd tot tyd het ander soldate gekom om die voriges af te los. Paulus het dus geen privaatheid gehad nie. Alle gemak en gerief is hom ontsê. Boonop was hierdie soldate ruwe manne. 'n Mens kan jou voorstel dat die apostel daaglik hulle growwe taal en en hulle gevloek moes aanhoor.

Die **eerste** wat 'n mens hier opval is dat Paulus homself nie oorgee aan selfbeklag nie. Hy bejammer homself nie oor sy moeilike omstandighede nie. Hy bevraagteken ook nie God se liefde vir hom nie. Want hy begin nie deur te sê: waar is nou God se liefde en waar is nou sy troue Vadersorg oor my, nie? En hy sê nie opstandig: hoe kan 'n God van liefde nou so maak met sy kinders, nie? Nee, **geen negatiewe woord** kom uit sy pen nie.

Wat intendeel opval, en dit noem ek in die **tweede** plek, is dat die apostel **juis besonder positief** is. Want die Filippense mag miskien dink dat die weg van die evangelie geblokkeer is deur Paulus se gevangenskap. Maar Paulus sien dit juis nie as 'n padversperring nie. Intendeel hy sien dit as voordelig vir die voortgang van die evangelie. Die gevangenskap is geen blokkering van die triomftog van die blye boodskap nie, maar dit het juis die weg van die evangelie geopen. Dit het juis die pad vir die verlossingsboodskap geplavei. Dit het juis gemaak dat die evangelie bekend geword het tot in die hoogste kringe. In plaas dat sy gevangenskap 'n doodloopstraat was, was dit

juis ‘n snelweg om die evangelie te voer tot in die vernaamste kringe. Want, sê Paulus, daardeur het *my boeie geopenbaar geword in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander.*

“Weet julle”, sê Paulus vir die Filippense, “**weet julle wat was die vernaamste gevolg van my gevangenskap? Dardeur het mense die evangelie gehoor wat andersins miskien nooit daarvan sou hoor nie!**” Want u moet onthou : die wagte wat die apostel bewaak het, hulle was nie somer gewone soldate nie. Nee, hulle was lede van die **keiserlike lyfwag!** Paulus sê dus eintlik: Mense, luister tog: hierdie soldate het ontdek dat ek geen gewone misdadiger is nie; hulle het uitgevind – nee, dit is aan hulle geopenbaar, dit het geopenbaar geword deur die nabye Christus – die Here het aan hulle openbaar, onthul dat ek hier is ter wille van Christus; hulle het my daarna uitgevra en ek het die kans gekry om hulle die evangelie te verkondig. Hierdie wagte sou dit waarskynlik nooit gehoor het as ek nie ‘n gevangene was nie. Maar nou, as hulle van diens af gaan en na hulle huis toe gaan ... nou is die evangelie van Jesus Christus een van die belangrikste onderwerpe van hulle gesprekke in die keiserlike paleis !

Weet u wat maak Paulus so uitermate positief? Weet u wat maak dat Paulus sy negatiewe omstandighede met soveel blydschap kon verwerk? Hierdie ding dat hy na gebeure in sy lewe kyk in die lig van die voortgang van evangelie! Hierdie ding dat hy nie aan homself dink nie, maar aan die uitbreiding van God se koninkryk! Dat hy daaraan dink: hierdie swaar in my lewe dien om die evangelie in sy triomftog te bevorder. Dit gee aan sy lewe ‘n toon van vreugde.

Hoe verwerk **óns** die kerklike probleme in ons tyd?

Laat ons saam met Paulus sê: Maar ons weet dat wat ook al vandag gebeur, eerder op die bevordering van die evangelie uitloop. Dan sal ons lewe eweneens ‘n blye klank kry.

Maar ons kom by

2. VOORBEELD NOMMER TWEE.

Ook op ‘n tweede manier het Paulus se wedervarings die voortgang van die blye boodskap aangehelp. Want hy sê in vers 14: *die meeste van die broeders het deur my boeie meer vertrou in die Here gekry en as gevolg daarvan het hulle dit des te meer gewaag om die woord onbevrees te spreek.*

- *Eensyds* het Paulus se gevangenskap dus ‘n **effek op die heidene** gehad : heidense soldate het daardeur in kontak met die evangelie gekom.

- Maar *andersyds*, en dit sien ons in hierdie tweede voorbeeld, het die apostel se boeie **ook ‘n invloed op die broeders**, op sy mede-gelowiges gehad. Want in plaas dat dit hulle ontmoedig het, het dit hulle juis bemoedig om die blye evangelie met vrymoedigheid te verkondig.

Paulus verwys hier sekerlik na sy mede-gelowiges daar in Rome. Waarskynlik het die toenemende vyandskap teen die evangelie hulle *aanvanklik ontmoedig*. Uit vrees vir vervolging het hulle die verkondiging van die woord al meer en meer nagelaat.

Deur die boeie van Paulus het daar *egter ‘n verandering* by hulle gekom. Want hulle het immers bemerk hoe die Here Paulus in die gevangenis onderskraag het op die aller wonderlikste wyse (4:13). Dit het hulle vertrou in die Here versterk en hulle gemotiveer om weer voort te gaan met die evangelie-verkondiging en om met vrymoedigheid uit te kom vir die woord van hulle Here.

So het ook in hierdie opsig die gevangenskap van Paulus eerder die voortgang van die evangelie bevorder, as wat dit die gang van die woord negatief beïnvloed het.

3. Slot

Die duiwel rig baie hindernisse op om die voortgang van die evangelie te stuit. Dit was so deur die eeue heen en nie net in ons tyd nie.

Maar laat ons uit hierdie gedeelte van vandag dit leer: hoe harder hy die kerk probeer uitroei en stilmaak en die Woord tot swye probeer bring, des te meer groei dit en des te meer spoed dit af op sy doel.

***Die HEER se woord is skeppingsmagtig
wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek - dit staan daar lewenskragtig,
Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne
in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is
en verbreek hul raad.*** (Psalm 33:5 – Totius)

Die Here is naby – met sy almag en almagswoord.

AMEN